

GELOOF WAT WERK

Deel 1 – Hoe lyk 'n volwasse gelowige?

AFSKOP

Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?

VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

Wie is 'n volwasse Christen na wie jy opkyk in jou lewe? Hoekom kyk jy op na hierdie persoon? Hoekom beskou jy hom/haar as volwasse?

Dink jy dit is moontlik om 'n mens se geestelike groei te meet? Indien wel, hoe doen 'n mens dit en hoe gereeld dink jy moet 'n mens dit doen?

Wat is een van jou gunsteling Bybelboeke in die Bybel? Hoekom?

Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:

Hebreërs 6:1-3. Wat beskou de skrywer van Hebreërs as basiese dinge van ons geloof in hierdie gedeelte? Hoe dink jy daaroor?

Hoekom dink jy maak die skrywer dit duidelik in bogenoemde gedeelte dat gelowiges verder moet gaan in hulle geloof? Wat dink jy is die gevaar as 'n mens nie geestelik groei nie?

Romeine 8:29. Watter eienskappe dink jy is nodig in ons lewens om gelykvormig te wees aan Jesus?

Efesiërs 4:29. Hoe dink jy pas 'n mens hierdie beginsel toe in jou lewe as jy gefrustreerd voel oor 'n situasie of ander mense, en jy jou gevoelens met 'n vertroueling wil klankbord?

Klaagliedere 3:25-26. Hoe lyk dit as 'n volwasse gelowige op die hulp van die Here wag?

In die preek is 5 kenmerke van 'n volwasse gelowige genoem: 1) Positief onder druk; 2) Sensitief teenoor mense; 3) Beheer oor tong; 4) Nederige vredemaker; en 5) Geduldig en Biddend. Met watter een sukkel jy die meeste op die oomblik? Wat dink jy kan jy doen om te groei in hierdie area? Hoe kan jou groep jou daarin ondersteun?

Hoe reageer jy gewoonlik wanneer teenkanting, krisis, teleurstelling of moeilike omstandighede opduik in jou lewe? Hoe reageer jy gewoonlik teenoor negatiewe nuus? Wat dink jy sê dit van die egtheid van jou geloof in Jesus? Hoe vergelyk dit met Jesus se optrede teenoor teenkanting? Wat dink jy moet jy doen om jou optrede te verander?

GEBED EN OMGEE

Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.

Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daarvoor kan bid:

NEEM 'N VOLGENDE STAP

Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.

As jy teruggink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.